NOVEMBER 2021 | vol 9

#INTEGRITASZA MONTHLY

INSPIRE AND INNOVATE

CIVINOVUS NPC

Hoekom hou ons konferensies?

Hoofsaaklik is dit om kennis te deel. Kennis is mag. Hoe meer kennis jy deel hoe meer mense beskik oor die kennis en hoe beter is dit vir almal. Dit is 'n wen-wen situasie op sy beste.

Ons gaan van 1 tot 3 Desember 2021 kennis deel met betrekking tot die waarde van integriteit. Die titel van die konferensie is: **#integritasza: Integriteitsgebaseerde Goeie Openbare en Korporatiewe Regeerleierskap** - Sjoe, dit is 'n mondvol. Laat ons kyk na wat dit alles beteken.

Integritas is afgelei van die Latynse integritãs. Dit kom van integer wat heel beteken. Die waarde van heel is so waardevol. Niemand wil opstyg in 'n vliegtuig wat nie heel is nie. Om te kan vlieg, benodig 'n mens 'n intakte vliegtuig. Ons leef in 'n gebroke wêreld en strewe daarna om dit wat gebroke is te herstel. Die # is om aandag te fokus op die begrip Integritas en za verwys na die Republiek van Suid-Afrika. Integriteit is dus die strewe na heelwees en die strewe na beterwees. Hoe kan ons Suid-Afrika heelmaak?

Ons hoop om met die #Integritasza reklamemerk ons merk te vestig, uit te bou en sodoende ook integriteit te bevorder. Ons sal dit daarom ook waardeer as u dit op sosiale media sal volg en ook toepaslik gebruik.
Die onderwerpe van die #integritasza-konferensie is om te kyk na die invloed van integriteit in die openbare en korporatiewe sektore in Suid-Afrika. Hierdie sektore sluit almal van nie-regeringsorganisasies, plaaslike regering, sakewêreld, en leiers in. Die ideaal is om die kernwaardes van kennis, samewerking en mensgesentreerde denke tydens die konferensie te ontgin. Almal se deelname gaan help om die kennis met betrekking tot integriteit te bevorder.

Samewerking is die sleutel tot suksesvolle uitvoering van 'n komplekes taak soos heelmaak.
Mensgesentreerde ontwerpdenke is om te fokus op diegene wat integriteit kan bevorder. Dit sluit aan by Ubuntu, naamlik “Ek is omdat ons is.” Die waarde van 'n individu se insette mag nooit onderskat word nie. Die impak van integriteitsgebaseerde leierskap staan sentraal tot al die onderwerpe wat bespreek gaan word.



‘n Goeie visuele voorstelling vir #integritasza

Die konferensie begin 1 Desember, ook genoem Dag 1, met wat mense tans doen om van Suid-Afrika 'n beter plek te maak. Kom luister en word ingelig oor die goeie wat in ons land gebeur. Dag 2 fokus op hoe integriteit

binne eendersdenkende groepe afspeel. Dag 3 fokus op hoe van mekaar geleer kan word en hoe om integriteit in die algemeen te bevorder. Dag 2 en Dag 3 het interessante sprekers en paneelbesprekings wat die vlak van besprekings positief gaan beïnvloed.

Die Minister in die Presidensie, Minister Mondli Gungebele sal ook die President, President Cyril Ramaphosa verteenwoordig en 'n bydrae lewer oor integriteit in Suid-Afrika.

Vir verdere inligting lees asseblief ook die aangehegte biljet. Registreer nou aanlyn vir ons #Integritas konferensie waarvoor die skakel hier is: https://forms.gle/BNkSeGJKsQkrCa9t7

Ons sien uit om u by die #integrtasza-konferensie te ontmoet en u menings oor #Integritasza se werk en integriteit in Suid-Afrika te hoor. ***Erwin Schwella*** 083 627 2377

#integritasza
THE MOVEMENT

Integriteit is om die regte ding te doen selfs as niemand kyk nie - C.S. Lewis

WAT IS INTEGRITEIT?

Integriteit is om **heel**, **volledig** en **intakt** te wees. Dit is om **eerlik** te wees met **konsekwente en kompromislose nakoming van sterk morele en etiese beginsels en waardes**. Om met integriteit op te tree, beteken om te verstaan, te aanvaar en te kies om in ooreenstemming met jou beginsels te lewe.

ONBAATSUGTIGHEID 01
ORDENTLIKHEID 02
OBJEKTIWITEIT 03
AANSPREEKLIKHEID 04
OPENLIKHEID 05
EERLIKHEID 06
NEDERIGHEID 07
MOED 08
VERANTWOORDELIKHEID 09
KONSEKWENTHEID 10

HOEKOM INTEGRITEIT KIES?

Deur met integriteit te lewe, kry jy **wysheid**, sien jy dinge in die regte perspektief en omvang; jy oorreageer of onderreageer nie. Dit sal jou 'n **mentaliteit van oorvloed** leer, jy is nie in 'n konstante staat van vergelyking van buite nie. Jy sal die **gees van wen-wen** toepas; jou idees met moed en oortuiging uitdruk. Jy sal **vertroue** bou, wat lei tot die voordele van gesonde mededingendheid, buigsaamheid, responsiwiteit, kwaliteit, ekonomiese waardetoevoeging en kliëntediens. Mense met integriteit is **betroubaar**.

HOE OM INTEGRITEIT TE BEOEFEN?

Leef met kennis

Ken jouself

- Beheer jouself
- Gee jouself
- Ken jou swakhede

Deur samewerking

Tree met 'n mensgesentreerde ontwerp-ingesteldheid op

Skep 'n groei-ingesteldheid

Advertise here for R350 per month.

#integritasza
THE MOVEMENT